16 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #33

Geliefde Gemeente,

Ons deel hiermee graag die profetiese woord wat God tot ons elkeen gespreek het:

| | |
|---|---|
| **Profetiese woord:** | **Ds. J.F. Landmann** |
| **Datum:** | **15 April 2020** |
| **Tyd:** | **03h00** |
| **Inleiding:** | **Profetiese woord tydens gebedstyd in 386 studeerkamer** |
| **Mense teenwoordig:** | **Ds. J.F. Landmann; Ds. J. Wills; Me. Brigitte Kroese** |

*(Ds. J.F. Landmann bid)*

Die geboorte vind nou plaas, in hierdie oomblikke in Suid-Afrika, en Suid-Afrika sal nooit weer dieselfde wees nie. Hierdie geboorte vind nou plaas!

*Profetiese woord*:

Kyk sê die Here:

"In elkeen van julle,
is daar 'n stroompie;
van My genade,
en My werking,
en My werk: **WATER**.
Maar, in elkeen van julle
is daar ook 'n stroompie;
van olie,
waarteen julle voortdurend,
en aanhoudend moet waak.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Jy is onder My beheer;
Hou jouself onder My beheer,
hou jouself onder My beheer.
Ek is in beheer van jou lewe,
en Ek rig jou op as My mondstuk;
Ek rig jou op as My instrument;
Ek rig jou op as My wagter op die muur.
Moenie toelaat dat jou aandag,
verplaas of misplaas word nie."

*(Ds. J.F. Landmann bid)*

Ek dank U Here, ek sluit myself in by hierdie profesie, en ek verklaar: Jesus Christus in my, waak teen die olie, al is dit "ondergronds". Jesus Christus in my: waak teen die olie, en uit my binneste vloei lewende water voort. Daar kan uit een mond, en uit een fontein, nie soet en bitter water vloei nie. In Jesus Naam, is my adamiese natuur onderworpe aan God se natuur, en ek verklaar, die hemel heers in my lewe. Die Gees van Christus heers in my lewe, en ek dank U vir die geboorte wat vanoggend plaasvind. Ek dank U Here God, vir die stabiliteit wat vanoggend gekom het. Daardie stabiliteit het in die ekonomie gekom; daardie stabiliteit het in die regering gekom; daardie stabiliteit het in die maatskappy, die samesyn en die sosiale struktuur gekom. Daardie stabiliteit het in die kerk gekom; daardie stabiliteit het in elke verbondslid en besoeker by EKD gekom. Daardie stabiliteit is 'n werklikheid, soos wat die môrester 'n werklikheid is."

*Profetiese woord*:

"Laat die môrester opgaan in julle harte.
Julle het die profetiese woord,
wat vasstaan,
totdat die môrester opgaan,
in julle harte."

*(Ds. J.F. Landmann bid in tale)*

"Julle het die profetiese woord,
wat vasstaan,
totdat die môrester opgaan,
in julle harte."


15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

*(Bid verder voort)*

In Jesus Naam:  Here Vader ek dank U, en loof U, en prys U. Ek dank U Here, in die geesteswêreld – veral hiérdie sake wat die Almag en die Gees van God hanteer.  Dankie daarvoor. In Jesus Naam. Amen.

Hierdie is nie die enigste sleutel nie.  Hierdie is een van God se sleutels, wat die Corona virus-slot, oopsluit.  Dit is nie die enigste sleutel nie.

***2 Pet. 1:19 bevestig profetiese woord.***

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335